UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# FOR2601

Mei/Junie 2017

## FORENSIESE METODES & TEGNIEKE II (MODULE A)

Tydsduur . 2 Uur

100 Punte

**EKSAMINATORE :**

| | |
|---|---|
| EERSTE : | DR SI DINTWE |
| TWEEDE : | MNR MS MANAMELA |
| EKSTERNE : | KAPT DM CRONJE |

**Toeboekeksamen.**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie.**

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit ses (6) bladsye

**INSTRUKSIES:**

1. **Beantwoord al die vrae in hierdie vraestel.**

**VRAAG 1**

1. Noem sewe (7) verskille tussen onderhoudvoering en ondervraging. (14)

2. Watter drie (3) metodes kan gebruik word om misdaad en oortredings in 'n organisasie op te spoor? (6)

3. Wat word hier beskryf? Gee 'n naam of 'n term.
   3.1. 'n Anonieme handeling deur 'n persoon met die bedoeling om inligting in die openbare belang bekend te maak en wat moontlik verband hou met 'n misdaad of 'n oortreding in 'n organisasie.
   3.2. 'n Handeling om vergoeding vanaf enige ander persoon te aanvaar of om in te stem of aan te bied om dit te aanvaar, hetsy in eiebelang of tot voordeel van die ander persoon, wat lei tot ongemagtigde of onbehoorlike oorreding om iets te doen of nie te doen nie.
   3.3. 'n Vereniging van werknemers met die hoofdoel om die verhouding tussen werknemers en werkgewers, met inbegrip van 'n werkgewersorganisasie, te reguleer.
   3.4. Enige aantal werkgewers wat 'n verwantskap aangaan met die doel om verhoudings tussen werkgewers en werknemers of vakbonde te reguleer.
   3.5. 'n Proses waardeur werkgewers en georganiseerde werknemers poog om hul verskille by te lê deur 'n proses van aansprake en toegewings om 'n ooreenkoms te bereik. (10)

**[30]**

**VRAAG 2**

**Vier opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die alphabet (A–D) langs die vraagnommer.**

1. Artikel 35 van die Grondwet handel onder andere oor die regte van:
   A. mense wat ondersoek word
   B. mense wat aangehou word
   C. getuies in die hof
   D. ondersoekbeamptes

2. Die openbare beskermer kan die beste beskryf word as 'n:

   A. regeringsentiteit

   B. Hoofstuk 9-instelling

   C. Hoofstuk 2-instelling

   D. ondersoekagentskap

3. Privaatreg is 'n vertakking van die reg wat die verhouding reguleer tussen:

   A. statutêre liggame

   B. regering en burgers

   C. 'n ondersoeker en 'n verdagte

   D. individue in 'n gemeenskap

4. Vir watter van die volgende toestande kan 'n Anton Piller-bevel verkry word?

   A. Die werklike of potensiële skade moet bereken word.

   B. Die aansoeker moet 'n lid van 'n wetstoepassingsagentskap wees.

   C. Die aansoeker se werklike of potensiële skade moet baie ernstig wees.

   D. Duidelike bewyse moet bestaan dat die respondente inkriminerende bewyse in hulle besit het alhoewel dit nie moontlik is om sodanige materiaal te vernietig nie.

5. Identifiseer 'n wet op natuurlike billikheid wat voorsiening maak vir die reg van beide partye om gehoor te word:

   A. *ad litem*

   B. *consensus ad idem*

   C. *amicus curiae*

   D. *audi alterum partem*

6. Watter een van die volgende is die belangrikste gebeurtenis in die ondersoekproses?

   A. opbou van saak

   B. voorlopige navorsing

   C. vrylating van die verdagte

   D. getuienislewering in die hof

7 Watter een van die volgende is 'n manier om misdade, oortredings of voorvalle te bespeur?

A. statutêre rapporteringsverpligtinge
B. statutêre verslae
C. rekeningkundige verantwoordelikhede
D. korporatiewe skinderpraatjies

8. Watter een van die volgende is 'n voorbeeld van 'n rooi vlag?

A. korporatiewe stelsel
B. gedrag
C. afskakeling
D. bankstate

9. Watter een van die volgende organisasies bestuur die Nasionale Teenkorrupsie Inbellyn?

A. Spesiale Ondersoekeenheid
B. Openbare Dienskommissie
C. Suid-Afrikaanse Polisiediens
D. Nasionale Vervolgingsgesag

10. Die finansiële bestuur in die plaaslike regeringsfeer word gereguleer deur:

A. die Wet op Openbare Finansiële Bestuur
B. die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Aktiwiteite
C. die Oorgangswet op Plaaslike Regering
D. die Wet op Plaaslike Regerings: Munisipale Finansieringsbestuur **[10]**

**Lees die volgende scenario en beantwoord die daaropvolgende vrae:**

**SCENARIO 1**

Mnr Pako Mothobi is die munisipale bestuurder van die Ratlou Plaaslike Munisipaliteit. Die munisipaliteit se Raad het hom versoek om voornemende tenderaars vir die verskaffing van watertenkwaens te kontak. Aangesien die betrokke bedrag onder R200 000 was, moes hy kwotasies bekom. Hy het drie privaat maatskappye genader om kwotasies te verskaf. Voordat hy al die kwotasies ontvang het, het hy egter na bewering een van die tenderaars, mnr Magents Ramasilo, gekontak en hom ingelig van die bedrae wat die ander twee maatskappye gekwoteer het. Hierdie inligting het mnr Ramasilo na bewering in staat gestel om sy kwotasie laer as die ander

[BLAAI OM]

twee kwotasies te maak, wat daartoe gelei het dat hy die kontrak losgeslaan het. Die korrespondensie tussen mnr Mothobi en mnr Ramasilo het elektronies plaasgevind, maar mnr Mothobi het moontlik die boodskappe gedruk en dit in sy kantoor by die werk bewaar. Daar word verder beweer dat geld deur mnr Ramasilo se rekeninge-afdeling in die munisipale bestuurder se rekening gedeponeer is. Die rekenmeester druk gewoonlik die depositostrokies en bewaar dit in 'n drukbooglêer.

Hierdie aangeleentheid is deur mnr Tsholo Sooke by die Kantoor van die Openbare Beskermer aangemeld. Mnr Sooke is 'n raadslid en hy voel dat die munisipaliteit se reputasie skade berokken word en dat die munisipaliteit besteel word U is 'n ondersoeker verbonde aan die Kantoor van die Openbare Beskermer en u word opdrag gegee om hierdie aangeleentheid te ondersoek. Mnr Sooke lê vir u 'n verklaring af en is bereid om in die hof te getuig.

U ondervind egter 'n paar uitdagings tydens u ondersoek. Eers kry u 'n oproep van die burgemeester van die munisipaliteit wat probeer om die uitslag van die ondersoek te beïnvloed. Later kom dit aan die lig dat een van u kollegas, wat ook 'n ondersoeker is, u saaklêer gesteel het en dit in ruil vir omkoopgeld aan die munisipale bestuurder oorhandig het. Om sake te vererger, beskuldig mnr Mothobi u daarvan dat u hom tydens onderhoudvoering aangerand het en hy lê 'n klag teen u. Mnr Mothobi bel ook van u getuies en maak dreigemente, soos dat hulle hul werk sal verloor en dat hy hul families sal leed aandoen. Ondanks al hierdie struikelblokke slaag u daarin om mnr Mothobi te laat arresteer, waarna hy aangekla word. Nadat hy op borg vrygelaat word, verdwyn hy egter en hy daag nie vir die tweede hofverskyning op nie. Hoewel die naam Magents Ramasilo gedurig opduik, wil u die saak eers verder ondersoek en u neem 'n waarskuwingsverklaring van mnr Ramasilo sonder om hom aan te kla.

**VRAAG 3**

1. Die ondersoekproses in die gegewe scenario sal waarskynlik bestaan uit 'n reeks stappe wat opmekaar volg, vanaf die tydstip waarop die oortreding aangemeld is totdat die saak in die hof afgehandel word. Identifiseer vyf (5) gebeurtenisse wat sal plaasvind gedurende die ondersoekproses nadat die misdaad aangemeld is **(5)**

2. Hoe kan die volgende wette op die gegewe scenario van toepassing wees?

   2.1 die Wet op Openbare Finansiële Bestuur

   2.2 die Wet op Plaaslike Regering – Munisipale Finansiële Bestuur

   2.3 die Strafproseswet

[BLAAI OM]

2.4 die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting

2.5 die Wet op die Raad op Finansiële Dienste (15)

[20]

**VRAAG 4**

1. Bespreek die konsep van "verklikking" in forensiese ondersoeke krities. Jou antwoord moet die volgende insluit:
   1.1. die definisie van "verklikking"
   1.2. die doel van "verklikking"
   1.3. interne "verklikking"
   1.4. eksterne "verklikking" (20)

2. Gee 'n kort beskrywing van die 'geen-klop-reël' in die gegewe scenario. (2)

3. Verduidelik die stigting van die amp van die openbare beskermer sowel as die entiteit waaraan hulle rapporteer. (4)

4. Identifiseer en beskryf kortliks vier (4) instansies of liggame wat deur die openbare beskermer ondersoek kan word. (8)

5. Aan watter drie (3) vereistes moet 'n deursoekings-en-vasleggingsbevel deur die openbare beskermer in die gegewe scenario voldoen? (6)

[40]

**GRAND TOTAAL: 100**

©
UNISA 2017